NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

blitspos

Jaargang 19 – Uitgawe 26

9 Julie 2026

## So spreek die Here

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan taal@nhk.co.za

Die plasing van teksadvertensies is gratis vir gemeentes. Advertensies met grafika beloop R350 per uitgawe. Klik asseblief ***hier*** vir meer inligting en voorwaardes.

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**Indien enigiemand tien jaar gelede vir my gesê het dat ek 'n predikant sou word, sou ek waarskynlik vir daardie persoon gelag het. Maar hier is ek vandag. Die predikant van Gemeentes Glencoe en Newcastle.**

Aan die begin van my bediening het ek ongelooflik baie angs ervaar. Die besef dat ek, wat nou maar eers 25 jaar oud is, 'n predikant is, het soveel vrees in my wakker gemaak. Vrae het deur my kop gemaal. Is ek genoeg? Is ek bekwaam om in hierdie amp te staan? Soveel vrae het my amper oorrompel. Ek het eerlikwaar gedink dat ek dalk té gebroke is om hier te wees. Hierdie idee het verander toe ek op Henri Nouwen se werk, *The Wounded Healer*, afgekom het en besef het dat my gebrokenheid my nie diskwalifiseer nie, maar juis deel van my roeping is.

Nouwen het beklemtoon dat ons eie kwesbaarheid die bron van ware bediening is. Ons word juis deur ons gebrokenheid en swakheid in staat gestel om ander te bedien en te troos. Sy idee van die *gewonde heler* is bekend: ons hoef nie volmaak te wees om te bedien nie; ons eie pyn kan juis 'n bron van empatie en heling vir ander word.

In ons derde of vierde jaar het my vriendin, prop Kharla Prins, 'n klaspreek gelewer waarin sy verwys het na die feit dat ons almal vol krake is. Dit is juis deur hierdie krake dat die lig skyn. Elke keer wanneer angs, vrees of twyfel in my vermoë weer kop uitsteek, is dit hierdie woorde waaraan ek vashou.

As ek eerlik moet wees, is die vraag na my persoonlike ervaring in die bediening 'n gelaaide vraag. Ek as predikant sien en hoor dikwels meer van seer as wat ander mense besef, maar in dieselfde asem is dit so bevrydend in die geloofsverhale wat mense deel, die glimlag wanneer ek by die hospitaalkamer se deur instap, die ouer mense wat met elke kuier by die ouetehuis straal van dankbaarheid. 'n Mens besef dan dat die lewe gelaai is met albei kante van die munt: goed en sleg, lig en donker, lag en huil. Dit is my ervaring dat daar soveel mooi is, maar net soveel seer. Dit is slegs genade dat ek deel kan wees van hierdie ongelooflike ervaring.

My gunsteling deel van die bediening is beslis Sondae. Die preekvoorbereiding gedurende die week, die stadige opbou van gedagtes en gebed tot die oomblik dat ek op die preekstoel staan en sê: *So spreek die Here*. Daardie oomblik dra 'n gewig wat niemand behalwe ander predikante werklik sal verstaan nie. Die angs wat steeds daar is, vermeng met 'n diepe rustigheid wat net van Bo af kan kom. Dit is die oomblik wanneer ek die duidelikste voel waarom ek geroep is – nie omdat ek volmaak is nie, maar omdat ek toegelaat word om, ten spyte van my eie krake, die lig van God se Woord aan 'n gemeente deur te gee.

En elke Sondag, wanneer ek van die kansel af stap, weet ek weer: dit is presies waar ek hoort.

**Ds Carien Janeke**
**(Glencoe/Newcastle)**

## Lief en leed

- **Mnr Kobus** (voormalige administrateur van die NHKA) **en mev Gonda Viljoen** het laat weet dat dit beter met hul gesondheid gaan. Beide sterk tuis aan. Mnr Viljoen is na agt dae in hoësorg ontslaan. Hy het nou ’n suurstofapparaat wat hopelik die asemnood sal verbeter. Mnr en mev Viljoen bedank almal vir hul belangstelling en gebede.

- Die Kerk betuig simpatie met **ds Thomas Dreyer (emeritus)** met die **afsterwe van sy broer, Johannes**. Mnr Dreyer was ’n boer in die Coligny-omgewing en word oorleef deur sy vrou, Hanlie en kinders Herbert, Rey, Hanjé en Hannes. Mag die Here sy hand van vertroosting oor julle hou.

- **Die volgende predikante verjaar tot 17 Julie. Die Kerk wens u ’n geseënde lewensjaar toe.**
  - Woensdag 8 Julie: Ds GJ (Geo) Smit (Potchefstroom-Suid)
  - Vrydag 10 Julie: Dr DJC (Daan) van Wyk (Van Der Hoff)
  - Saterdag 11 Julie: Ds TL (Theuns) Botha (emeritus)
  - Sondag 12 Julie: Prof JA (Jimmie) Loader (emeritus), en ds A (Anna-Marie) Kloppers (Rustenburg-Suid)
  - Maandag 13 Julie: Ds JHH (Jakkie) Jacobs (emeritus)
  - Woensdag 15 Julie: Ds JW (Janine) Fourie (beroepafwagtend)
  - Donderdag 16 Julie: Di JT (Jimmy) Manders (Witfontein), en JAC (Jan) Rossouw (emeritus)
  - Vrydag 17 Julie: Di W (Willem) Dykema (Windhoek), JJ (Johan) Greyling (Bethal/Morgenzon), en JF (Hannes) van der Merwe (Pretoria-Oos)

## Gemeentes en bediening



Dr Thomas Dreyer



Prop Antoinette van Zyl

- **Dr TF (Thomas) Dreyer** (Malelane) het ’n beroep na Ermelo/Ermelo-Suid ontvang. Hy het die beroep aanvaar.

- **Prop A (Antoinette) van Zyl** (beroepafwagtend) het ’n beroep na Volksrust (deeltyds) ontvang.

- Ds Stephan Botha (Rustenburg-Suid) waarsku gemeentes teen ’n **nuwe aanlyn slenter** wat gemik is op kerke. Die persoon kontak die gemeente oor ’n **pragtige klavier** wat hy kwansuis vir die gemeente wil skenk, maar die gemeente moet net die vervoerkoste van die klavier oorbetaal. Gelukkig het hulle nie geval vir die slenter nie. Ons herinner gemeentes om versigtig te wees vir aanlyn transaksies waar onbekende persone betrokke is.

- Enige saak wat volgens die Kerkorde onder die aandag van die **Moderamen** gebring moet word, moet mev Karen Breedt (**karen@nhk.co.za**) asseblief **teen 13 Julie** bereik vir die vergadering van **24 Julie**. **Geen laat sake** sal in die agenda opgeneem word nie.

## Werkgeleenthede

- **Werkruimte vir orrelis: Gemeente Potchefstroom**
  Die gemeente sien musiek as ’n belangrike en integrale deel van die erediens (**https://nhkpotch.my.canva.site/**). Eredienste vind om 09:30 op Sondae plaas, asook tydens spesiale geleenthede soos Kersfees, Paasfees, ensovoorts. Die meeste van ons sang is uit die *Liedboek van die kerk* en die VONKK-bundel. Die orrel is gemaak deur Bevington & Sons met pragtige frontpype en word gereeld onderhou en gestem.

  **Taakomskrywing:**
  - Begeleiding van sang tydens eredienste.
  - Voorbereiding en uitvoering van gepaste voor- en naspele tydens eredienste, asook ander gepaste liturgiese musiek.
  - Samewerking met ander musikante, byvoorbeeld tydens spesiale eredienste.

- ○ Beplanning en uitvoering van relevante fasette van sangdienste (byvoorbeeld Kerssangdiens en Paassangdiens).
- ○ Klavierbegeleiding van sang tydens katkisasiegeleenthede.
- ○ Reël van plaasvervangers in geval van verlof.

**Navrae:** Dr Marina Kok-Pretorius, 076 288 2843, **marinakok95@gmail.com**

**Aansoeke:** Stuur 'n bondige CV met relevante opleiding en ondervinding aan **marinakok95@gmail.com**.

**Sluitingsdatum:** 1 Augustus 2026. Die gemeente behou die reg om die pos nie te vul nie.

## Kerklike en ander publikasies







## Kom kyk en luister saam




- Kom kyk saam na ons weeklikse **Blitsflits**. Hierdie episode is aangebied deur Nicole Mac Lachlan. Klik ***hier*** vir verlede week se weergawe. Nuwe weergawes verskyn elke Vrydag en is op sosiale media en YouTube beskikbaar.

- Die *Bybelse Dagboek* se **dagstukkie** is nou op 'n Donderdag in **videoformaat** op sosiale media beskikbaar. Luister gerus ***hier*** saam na die afgelope week se plasing. Die dagstukkie word ook daagliks in teksvorm op Facebook gedeel.

## ’n Gedig

**Wind**

Daar is geen geluid hier binne nie,
die geluid is alles buite.
Hier binne is net
die ontstuimige stomspel
van wintersonlig en skaduwees
wat wind mimeer teen ’n muur.

**Sheila Cussons**
https://ink.org.za/biblioteek/gedigte/sheila-cussons/

## Fondsinsamelings en Kerksake

- **Vertel ons asseblief van geleenthede by jul gemeentes. Stuur asseblief die besonderhede na: taal@nhk.co.za.**

| | |
|---|---|
| 25 Julie vanaf 12:00 | **Gemeentes Vanderbijlpark & Rietspruit se Hoenderkarnaval:** Kom geniet ’n hoenderspyskaart van formaat! Voorgereg: hoendersop, hoofgereg: ’n halwe hoender, twee groentes, rys en nagereg: gebakte poeding en vla. Kuier saam by die kerk of kom kry ’n wegneemete. Kostes: R150 vir volwassenes en R100 vir kinders onder 12. Ander aktiwiteite sluit in stalletjies, skyfskiet, veerpyltjies, springkasteel, tuisbedryftafel en vele meer. **Kontak** ds Errol by 083 455 6922 of Sampie by 082 634 5646. |
| 25 Julie vanaf 08:00 tot laat | **Gemeente Lichtenburg-Oos se Hartklop Karnaval:** Daar wag hope **lekker eetgoed en prettige aktiwiteite** – iets vir elke smaak en ouderdom. Kom geniet die dag saam met familie en vriende, waar daar **lekkernye te kies en te keur** is!<br>**Spesiale Hoogtepunt:** Neem deel aan ons **5 km *ColourRun*** om **10:00** teen slegs **R50 per persoon** – pret en kleur vir almal!<br>**Kontak** ds Lammert van Rooyen by 074 866 8242 vir meer inligting. Moenie dit misloop nie – ons sien jou daar! |
| 25 Julie vanaf 09:00 tot 13:00 | **Gemeente Wonderboom** hou **basaar!** Kom kuier saam en ondersteun **DPS Pleegsorg** deur jou hare te kleur vir pleegsorg. **Heerlike kos**, kindervermaak, prettige hondekompetisie en ’n gelukkige trekking. |
| 1 Augustus vanaf 08:00 tot 14:00 | **Kort jy kleur in jou lewe?** Kom kuier by **Gemeente Wapadrant** se basaar en kleur of skeer jou hare ten bate van **DPS Pleegsorg**. Daarna kan jy lekker smul aan **basaarkos** soos vetkoek, sosaties of potjiekos. En dan is dit tyd vir basaarpoeding! |
| 1 Augustus van 08:00 tot 13:00 | **Gemeente Meyerton-Suid** hou **basaar** op die kerkterrein. Stalletjies is beskikbaar teen R100 per stalletjie. Kom kuier saam met ons. |
| 1 Augustus | **Gemeente Sionspoort se Vleisfees.** Kom geniet ’n dag vol vermaak. Groot **verskeidenheid kunstenaars**, kosstalletjies en markstalletjies sal beskikbaar wees. Toegang: R50 vir volwassenes en hoërskoolleerlinge en R30 vir laerskoolkinders. Die fees vind by Tuinhekkie Boeremark in Randfontein plaas. |

| | |
|---|---|
| 8 Augustus om 07:00 | **Gemeente Hartebeestpoort** bied weer die jaar hulle 5de **Bosveld MTB** aan. Daar is 'n keuse van vyf afstande, naamlik: 4 km & 8 km *kiddies ride*, 36 km, 91 km en 156 km. Dit vind by Brits-vliegveld plaas. Aanlyn inskrywings kan gedoen word. Vir navrae **kontak**: Ds Corlien van der Merwe by 083 654 8154, Marcel by die kerkkantoor 012 252 4315, Mechiel Ras by 072 605 1393, Mias van der Merwe by 083 320 2466. Klik ***hier*** vir meer inligting en inskrywings en ***hier*** vir **inskrywings via Entry Ninja**. |
| 21 Augustus vanaf 17:00 | **Gemeente Pretoria-Oos: Steve onder die sterre.** Kom ondersteun hierdie fondsinsamelingsprojek vir die **diens en herstel van die orrel**. Kostes: R200 per volwassene of R500 per gesin. Die aand gaan die vorm van 'n **mini-basaar** aanneem. **Kaartjies** is beskikbaar by die kerkkantoor by 012 460 8441. Bring asseblief jul eie **kampstoele**. |
| 22 Augustus vanaf 14:00 | **Gemeente Outjo en Otjiwarongo: Kom speel saam met ons naggholf en geniet ons basaar.** Die naggholf begin 14:00 met nege putjies, gevolg deur aandete en 'n verdere nege putjies. By die basaar is daar onder andere heerlike pannekoek, biltong en stalletjies. Vir meer inligting, **kontak**: Sunet Hayward by 081 224 1717, Tony by 081 213 3720 of Elsebie by 081 229 6490. |
| 28 Augustus 19:00 | **Gemeente Schoemansdal: Magda Louw en haar Erhard** kom kuier met hul vertoning ***How Louw can you go?*** Kaartjies kos R220 per persoon en is beskikbaar by **Lezl by die kantoor** by 012 253 0146. Dit is 'n **fondsinsamelingsprojek ten bate van die NHSV**. |
| Sluitingsdatum: 30 September | **Gemeente Dullstroom:** Koop 'n **lootjie** teen R100 en staan 'n kans om **een van drie vakansies** te wen. Kaartjies kan by die gemeente gekoop word deur 'n **inbetaling** in die gemeente se bankrekening te doen. Bankbesonderhede: FNB, rekeningnommer: 62049581516. Gebruik asseblief u naam as verwysing. **Bewys van betaling** moet aan Hannetjie by 082 839 5669 gestuur word om u **kaartjienommer** te ontvang. |




## Toerusting

- **Akademia: Teologie en Filosofiekonferensie 2026**
  Toegewy aan vrae en antwoorde in die metafisiese denke.
  Datum: 20 Julie
  Tyd: 08:00 - 15:30
  Plek: Boerneef, Leriba-kampus, Endstraat 245, Clubview, Centurion
  **RSVP** ***hier*** voor of op **14 Julie**. Klik ***hier*** vir meer inligting.

## SP Engelbrecht-museum




## Barmhartigheid

- Klik asseblief ***hier*** vir meer inligting oor **seniorbehuising en -versorging**.

## Gebed vir die week

Liewe Vader,

Dankie vir u goedheid en guns wat elke dag my pad verlig.
In elke seisoen en omstandigheid maak u teenwoordigheid my siel stil.
Help my om u weë te vertrou, selfs as ek dit nie verstaan nie.
Mag ek u liefde elke dag reflekteer, en ander dien tot u eer.

Amen.

https://boodskapvirvandag.co.za/category/gebed-vir-die-dag/page/6/



Redakteur: Ds David Barnard
Subredakteur: Ds Mariët Robbertze
Koördineerder: Mej Sanet du Plessis
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk
Joernalis: Ds Iwana Kruger